Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

DIE O.B.

Jrg. 11. Kaapstad, 30 Januarie 1952. Prys 3d. Nr. 9.

# Is Daar Nuwe Wending In Regering Se Propaganda?

**'n Paar regeringskoerante het in die afgelope week 'n nuwe soort propaganda begin maak in verband met die regeringsparty se apartheidsbeleid. Daar word nou vertel dat die Verenigde Party-mense ook voorstanders van apartheid is — net soos die Nasionale Party-mense. En daar word ook vertel dat die Verenigde Party nie die apartheidsmaatreëls van die Regering sal herroep as hy aan bewind kom nie. Dit sal verrassende nuus vir die Nasionale Party se ondersteuners wees!**

So skryf Die Volksblad: „Die Verenigde Party se volgelinge is trouens vir 'n groot deel sterk voorstanders van die beleid van apartheid;" en verder: „Al sê die voormanne van die Verenigde Party dat apartheid 'n vloek en uit die bose is, is hulle tog nie bereid om die wetgewing tot niet te maak as hulle die kans daartoe gegee sou word nie. Trouens, daar is van hulle wat die apartheidswetgewing en die oogmerk daarvan oortuigend verdedig."

Die blad haal dan die geval van oud-speaker van die volksraad, C. M. van Coller aan wat in Nairobi die segregasie-beleid aangeprys het.

**Die blad verklaar die stryd oor apartheid tussen mense wat eners daaroor voel soos volg: „Die oortuiging vat al meer pos dat die Verenigde Party se verset teen die Nasionale regering se apartheidswetgewing bloot skyn is vir partydienstigheid."**

### GLO WAAR

Dis splinternuwe en verrassende propaganda as die regeringskoerante begin skryf dat die Verenigde Party ten gunste van apartheid is; dat sy verset daarteen net skyn is; en dat hy dit net opponeer omdat hy as opposisie-party die regeringsbeleid moet opponeer.

**Hierdie nuwe propaganda is blykbaar die waarheid want sowel die Nasionale Party as die Verenigde Party aanvaar die aanbevelings van die Fagan-kommissie as sy beleid. Dr. Malan noem die Nasionale Party se beleid apartheid; wyle genl. Smuts het die Verenigde Party se beleid afsondering genoem.**

Die Vaderland, mnr. Havenga se koerant, skryf in dieselfde trant as Die Volksblad. Hy gaan net 'n bietjie verder. Die blad sê: „Waar ons nou nader na mekaar begin beweeg is dit te hope dat ons sterk sal staan teen die versoeking om vir momentele partypolitieke voordeel 'n kunsmatige verdeling aan die gang te hou." Dit is beslis nog 'n nuwe noot in die regering se propaganda. Vroeër het die regeringskoerante nooit toegegee dat daar slegs 'n kunsmatige verdeling „tussen die Nasionale" Party en die Verenigde Party bestaan oor apartheid nie.

### SNOUENDE PARTYE

Die Vaderland sê verder: „In die aangesig van die opstapelende moeilikhede en probleme in ons eie land en die beklemmende verwikkelings oorsee kan die blankes dit nie bekostig om langer oor die kleurvraag soos snouende honde oor 'n been te staan nie." Die Vaderland gebruik plastiese beeldspraak, maar die blad sou die spyker nog meer op sy kop geslaan het as hy gepraat het van „snouende politieke partye oor 'n stem."

Die Ossewabrandwag het al so dikwels gesê dat die blankes in

(Vervolg in kol. 4)

# KONING SAL FEES SE AGTERGROND WEES

**Die bekendmaking van die datum waarop Sy Majesteit, die Koning, die Koningin en prinses Margaret in Kaapstad sal aankom het aan die lig gebring dat die koninklike geselskap in Kaapstad sal wees tydens die Van Riebeeck-feesvierings. Die Koning sal op 26 Maart in Kaapstad aankom. Dan sal die eerste en tweede deel van die feestelikhede in volle swang wees. Die Koning sal in Kaapstad vertoef.**

As sy Majesteit se skip, die Vanguard, in die Duncan-dok vasgemeer word sal die Koning 'n onbelemmerde beeld hê, vanaf die skip, op die feesterrein en die skare. So word berig. Maar die skare sal natuurlik 'n ewe onbelemmerde beeld hê van die skip waarin die koninklike geselskap vertoef. Hulle sal bes moontlik selfs lede van die koninklike gesin kan sien. Dit word nie berig nie.

### KONINKLIKE AGTERGROND

Die „toevalligheid" dat dr. D. F. Malan se uitnodiging aan die Koning dit bewerk het dat 'n deel van die Van Riebeeck-feestelikhede sal afspeel met sy Majesteit op sy skip in die agtergrond beklemtoon doeltreffender as enige woorde dat die Van Riebeeck-fees nie 'n volksfees gaan wees nie. Die fees om die driehonderdjarige bestaan van ons vaderland te gedenk sal glo nie gekenmerk word deur „kwetsende" hulde aan die republikeinse vryheidstryders nie — daardie baanbrekers wat ons landsgrense voortdurend versit het in hul trek agter vryheid aan.

**En tog het die Eerste Minister die slagkreet: Ons Bou 'n Nasie, aan die fees gegee. Klaarblyklik moet die vraag gevra word: Watter soort nasie? En ewe klaarblyklik moet die mismoedigende antwoord gegee word: 'n Nasie wat vir my party sal stem — al moet uitnodigings en vertonings van die Koning dit ook bewerkstellig.**

### „TOEJUIG"

Berigte in Kaapstadse koerante oor die Koning se besoek aan die stad lui voorts dat Kapenaars heelwaarskynlik meer geleentheid as die Durbaniete sal hê „om langs die strate te staan en toe te juig." Die koningsman wat spesiaal na Suid-Afrika gekom het om die gesondheidsreis te reël het reeds aan die Durbaniete gesê dat hy hoop hulle sal toejuig „want die Koning sal daarvan hou."

Nou weet die Kapenaars ook wat van hulle verwag word.

### VRYHEIDSDAG

**'n Feit wat nie in die berigte oor die Koning se kuier vermeld is nie, is dat dit presies 'n maand na die viering van Vryheidsdag deur die Ossewabrandwag sal wees wanneer die Koning, op 27 Maart, in Kaapstad aan wal stap. Dan sal die as van die Vryheidsvure, wat op 27 Februarie op die bergkruine van hierdie „lojale" Britse koninkryk sal brand, reeds koud geword het — net soos die harte van Sy Majesteit se republikeinsgesinde onderdane.**

# HOE LANK KAN ONS BODEM NOG TEEN PARTYSTELSEL UITHOU

**Die land is besig om die stryd teen grondverspoeling te verloor. Die grondverlies ten gevolge van verspoeling beloop nou jaarliks 100,000 tot 200,000 morge produktiewe grond. Dit neem nog steeds toe. So lui die jaarverslag van dr. J. C. Ross, direkteur van die afdeling Grondbewaring en Voorligting van die Departement van Landbou. Die verslag is aan die Parlement voorgelê.**

Die verslag maak bekend dat slegs voorbereidingswerk teen verspoeling tot dusver gedoen is en dat daar maar pas begin is met die werklike arbeid op die grond. Hoe bevredigend die voorbereidsels ook al was, is daar beslis geen rede tot tevredenheid nie, lui dit.

### WAG OP REGERING

Dr. Ross verklaar dat die boeregemeenskap se reaksie op die Grondbewaringswet gunstig was, maar hy beklemtoon dat die welslae van die hele veldtog afhang van die spoed en doeltreffendheid waarmee die werklike arbeid op die grond deurgevoer word.

**Dit beteken blykbaar dat die amptenare van die departement van landbou al die voorbereidingswerk klaar afgehandel het; dat die boeregemeenskap gereed staan om hulp te verleen; en dat slegs gewag word op die regering om die nodige stappe te doen sodat tot aksie oorgegaan kan word.**

**Dis duidelik uit die verslag dat direkteur Ross „aksie" wil hê. Die huidige toestand verskaf „geen rede tot tevredenheid nie." Hierdie amptenaarstaal beteken dat die toestand sorgwekkend is en dat daar goeie rede is om diep bekommerd daaroor te wees.**

### VERWAARLOOS

Grondverspoeling is een van die ernstige probleme waarvoor ons staan wat jarelank gereeld deur die partypolitici verwaarloos word omdat dit nie 'n „politieke kwessie" is waarmee hulle stemme kan vang nie. Indien 'n nie-partypolitieke organisasie, soos bv. die Veld Trust, nie daarin slaag om die volk so wakker te skud oor grondbewaring dat die saak dreig om die politieke partye se stemme te be-invloed nie, sal dr. Ross en sy amptenare nog jarelank besig bly om „voorbereidingswerk" te doen teen grondverspoeling.

**Dr. Ross het in sy verslag gewaarsku teen die gebruik dat indiwiduele boere groot oppervlaktes grond aankoop; en teen die uitbuiting van hul grond deur boere wat die groots moontlike wins wil haal uit landbouprodukte waarvoor nou goeie pryse verkry kan word.**

### GRONDWETTE

Dis eienaardig maar waar dat Suid-Afrika geen doeltreffende grondwette of agrariese wette het nie. Dit is 'n behoefte wat nie meer ontbeer kan word nie. Die Afrikanervolk wat eens 'n boerende volk was, is vinnig — nie eens geleidelik nie — besig om 'n volk van stedelike werkers te word. En ons hoor dat duisende morge van ons ryk vaderlandsbodem jaarliks tot niet gaan.

**En dit gaan al vir jare so aan — terwyl ons wetgewers in die parlementhuise eet, drink en babbel en propaganda maak vir algemene verkiesings wat voorlê.**

**Hoe lank kan ons vaderland nog uithou teen die partystelsel?**

(Vervolg van kol. 5)

Suid-Afrika dit nie kan bekostig om teen mekaar te veg oor die kleurvraagstuk nie. Hulle moet saam met mekaar veg teen die kleurvraagstuk. Maar dan moet die politieke partye wat na mekaar hap oor stemme eers verdwyn en plek maak vir 'n volksbeweging, wat met die hele volk se steun, die volk se stryd sal voer.

# DANKBAAR DAT BLAD AAN HOM GESTUUR IS

**Een van die persone aan wie 'n proefeksemplaar van Die O.B. gestuur is en nou self permanent op ons blad ingeteken het, spreek sy dank uit aan die leser wat sy naam aan ons verstrek het. Hy is mnr. Fred Hattingh, van Ysterplaat, en hy skryf as volg:**

**„Aangeheg vind u 'n inskrywingsvorm op u geëerde blad. Sal u so vriendelik wees om die persoon van my hartlike dank te verwittig wat so goed was om die blad aan my te laat stuur. Ek het dit geniet en waardeer die eerlike manier waarop DIE O.B. vir sy ideaal veg en wil dus op hoogte bly met u vordering.**

„Niemand kan die gekonkel van die partypolitiek dieper verfoei as juis ek nie en daarom lees ek graag u blad. Maar ek wil u graag die wenk gee om u lesers en ondersteuners so te lei dat hulle die hoë ideaal wat hulle hul stel nie besoedel deur onwaardige dinge te doen nie. Al verfoei ons ook die partystelsel bly ons nog burgers van die Suid-Afrikaanse staat en is dit ons heilige plig om die staat getrou te dien ongeag wie of watter politieke party aan bewind is. Om iemand in die rug te steek wanneer hy van voor bedreig word, is en bly die daad van 'n lafaard en moet in alle omstandighede vermy word. As u blad dit doen ontvang u my heelhartige steun."

### VERDERE INTEKENARE

Van mnr. J. H. Gouws (generaal), Groblershoop, het ons 'n vaste intekenaar ontvang in die persoon van mnr. W. H. Moller. Hy skryf dat mnr. Moller voorheen 'n vurige ondersteuner van die H.N.P. was, maar nou by die Ossewabrandwag aangesluit het.

Van mev. J. Theron, Koffiefontein, het ons weer drie intekenare ontvang vir een maand.

Mnr. J. van Niekerk, Witrivier, het ons een vaste intekenaar gestuur.

Van mev. M. van Rooyen, Kaapstad, het ons een vaste intekenaar en die name van twee vir ses maande ontvang.

Uit die Paarl het ons een gereelde leser ontvang.

Baie dankie, lesers! U ywer sal aansteek en vrugte lewer.

## O.B.'s Gereeld in Kaapstad Byeen

Die Skiereilandse O.B.'s het sedert die einde van verlede jaar die onderlinge bande begin versterk deur gereelde huislike samekomste te hou waar daar gesellig verkeer word. Die eerste byeenkoms was in die huis van mnr. en mev. R. van Rooyen van Ysterplaat, die tweede by mnr. en mev. Grobbelaar van Rondebosch en die jongste ten huise van mnr. en mev. S. Kamffer, Bellville. Die volgende samekoms word gehou by mev. E. Lategan van Constantia. Die datum sal later aangekondig word.

Gewoonlik word nadat verversings verskaf is 'n geldbussie rondgegee waarin die gaste iets plaas ten behoewe van die O.B.-blad. Reeds meer as £6 is op die wyse ingesamel.

## Die Swart „Suster"

Die leier van die Verenigde Konvensie van die Goudkus, 'n beweging wat in 1948 op tou gesit is, het aangekondig dat die Konvensie 'n plan het, waarvolgens hy werk, om dominiale status vir die Goudkus te verkry.

Die Konvensie se ideaal is om die Goudkus een van die koninkryke van die Britse Statebond te maak.

**Indien dit gebeur sal die „statebondsfamilie" uitbrei en sal o.m. Suid-Afrika 'n swart „suster" ryker word.**

DIE O.B., WOENSDAG, 30 JANUARIE 1952

# IS DIE EGIPTENARE KOMMUNISTE?

Dit is hoog tyd dat die Eerste Minister, dr. D. F. Malan, die volk in sy vertroue neem oor die Regering se standpunt ten aansien van die gevaarlike toestand wat in Egipte aan die ontwikkel is. Gevaarlik in die sin dat dit dreig om in oorlog uit te bars — of miskien moet 'n mens praat van amptelike oorlog. Want nie-amptelik voer die Engelse en die Egiptenare reeds geruime tyd oorlog.

**ENGELSE DRUK**

Die stryd het aanvanklik gegaan tussen die Engelse besettingsmagte aan die Suez-kanaalgebied en die sogenaamde Egiptiese „bevrydingsmagte" wat glo opgetree het sonder die amptelike, maar met die nie-amptelike goedkeuring van die vorige Egiptiese regering — wat koning Faroek eergisteroggend vroeg ontbind het. Die koning se daad was die bekroning van die Engelse druk wat hulle skielik verlede week in stygende mate begin toepas het.

Die Engelse het naamlik teen die einde van verlede week hul stryd tot 'n nuwe hoogtepunt gevoer onder die voorwendsel dat die vorige minister van binnelandse sake gedreig het om „belangrike maatreëls" teen die Engelse te tref. Hulle het onmiddellik besluit dat die betekenis van hierdie verklaring is dat die vorige Egiptiese regering (wat toe nog aan bewind was) voornemens is om die Egiptiese leër bevel te gee om in die toekoms die bevrydingsmagte te ondersteun in hul stryd teen die Engelse — wat op amptelike oorlog neerkom.

**OORLOGSVOET**

Die Engelse het nie op hulle laat wag nie. Die Britse garnisoen in Egipte is dadelik op 'n grondslag van voorbereiding vir oorlog geplaas. Britse stafoffisiere het verklaar dat die mees kritieke toestand bereik is sedert Egipte die Brits-Egiptiese verdrag verbreek het. Die Britse besettingsmagte staan gereed vir geval die Egiptiese leër optree om die „bevrydingsmagte" te steun. Van Britse kant is pertinent gesê: „Ons wag dat die handskoen neergegooi word. As dit gebeur, glo ek nie daar sal speletjies wees nie."

**Dit was ook nie.**

**Verlede Vrydag het die Britse troepe die kasernes van die Egiptiese troepe in Ismailia gebombardeer en 42 Egiptiese polisiedienaars gedood en 58 gewond.**

**Verlede Saterdag het die Egiptenare in wilde onluste in Kaïro uitgebars. Twintig mense is gedood en ruim £E10,000,000 skade is aangerig.**

**Eergisteroggend het koning Faroek die regering van Nahas Pasha afgedank en Ali Maher Pasha — 'n vriend van die Britte — in sy plek aangestel.**

**Hoewel die Britte tevrede mag wees kook en gis dit onder die Egiptenare. En die moontlikheid van oorlog is nog glad nie afgewend nie.**

**SUID-AFRIKA SE HOUDING**

Wat sal Suid-Afrika se houding in daardie geval wees? Die Eerste Minister behoort 'n duidelike en ondubbelsinnige antwoord op hierdie vraag te verstrek. Elke Suid-Afrikaanse burger (wat potensiële soldaat is) het die reg om te weet en bowe-al het elke republikein (wat aan die Afrikaanse bevrydingsmagte behoort), die reg om te weet waar die regering staan ten aansien van die Brits-Egiptiese stryd.

**Die Eerste Minister is verplig om die vraag te beantwoord want die Departement van Buitelandse sake, wat hy behartig, het minder as twee maande gelede 'n verklaring uitgereik om bekend te maak dat die Regering by voorbaat onderneem het om op die vasteland van Afrika en in die Midde-Ooste te veg in geval van oorlog. Volgens die verklaring sal die doel van Suid-Afrika se deelname aan die oorlog wees om kommunistiese aggressie te stuit.**

Na aanleiding van die Regering se aankondiging het mnr. J. A. Smith, onderleier van die Ossewabrandwag, pertinent gevra wat dit beteken. „Alles en nog wat kan op die rekening van kommunistiese aggressie geplaas word," het hy gesê, en toe gevra: „Indien die Britte 'n olie-oorlog in Persië ontketen; of as 'n oorlog volg op Britse weiering om uit Egipte of die Soedan pad te gee, sal die Regering dan aan daardie oorlog deelneem omdat dit 'n stryd teen 'n bepaalde vorm van aggressie sal wees?"

Die vraag is vandag besonder pertinent.

**HULP AAN BRITTE**

**Indien daar 'n amptelike oorlog in Egipte ontstaan gaan die Suid-Afrikaanse Regering troepe stuur om die Britte te help om Egiptenare dood te skiet? Dit is die vraag wat die Eerste Minister moet beantwoord. Volgens die verklaring wat deur die Eerste Minister se departement uitgereik is, sal dit wel die geval wees.**

**Maar is die Egiptiese „bevrydingsmagte" wat die Britte uit Egipte wil jaag dan besig om kommunistiese aggressie te pleeg? Is die Egiptenare kommuniste? Of is die Britte besig om kommuniste van hulle te maak?**

Indien die Eerste Minister hierdie vrae duidelik beantwoord en die Regering se standpunt ten aansien van die

(Vervolg in volgende kolom)

(Vervolg van vorige kolom)

Brits-Egiptiese stryd ondubbelsinnig uiteensit sal hy terselfdertyd heelwaarskynlik 'n bietjie lig kan werp op die beleid van die Regering, waarvolgens Suid-Afrika reeds tot deelname aan 'n oorlog in Afrika en die Midde-Ooste verbind is.

**Die Eerste Minister moenic wag totdat daar oorlog in Egipte uitbreek om die Regering se standpunt te verklaar nie. Hy moet dit nou doen — al breek daar ook nie oorlog uit nie — sodat die Regering se oorlogsbeleid geïllustreer kan word aan die hand van 'n praktiese situasie.**

# Van die Os op die Esel

## Deur Sybrand

### *Ernstige Aanklag teen Regering*

In Die O.B. van voorverlede week was daar 'n verwysing na die verklaring wat 'n groep Stellenbosse dosente in 1948 uitgereik het om die volk te waarsku teen die aanbevelings in die Verslag van die Naturellewette Kommissie, onder voorsitterskap van regter Fagan, wat kort tevore gepubliseer was.

Dit het my nuuskierigheid geprikkel en ek het die Stellenbosse verklaring, wat ek destyds bewaar het, opgespoor en weer 'n keer noukeurig deurgelees.

Ek het dit so interessant gevind, in die lig van ontwikkelinge wat sedertdien plaasgevind het, dat ek besluit het om die verklaring met my lesers te bespreek.

In 1948 het die Stellenbosse dosente die verklaring uitgereik om die volk te waarsku teen die aanbevelings van die Fagan-verslag (wat die Verenigde Party destyds as sy beleid aanvaar het). Vandag is die verklaring nog belangriker as wat dit in 1948 was, want vandag dien dit nie alleen as 'n waarskuwing nie, maar as 'n ernstige aanklag teen die beleid wat die huidige regering besig is om stelselmatig uit te voer.

In 1948 het die Stellenbosse dosente verklaar dat hulle hul verklaring uitreik „as akademici wat buite die aktiewe partystryd staan, maar nogtans as persone wat, ongeag moontlike verwyte, dit hul plig ag om voorligting in hierdie groot en ernstige saak te gee. Vir ons is die toekoms van ons land en volk op die spel; ons het geen ander oorwegings nie; ons dink ook nie aan die lotgevalle van politieke partye nie."

Dit is ook die gees waarin ek die saak aanhangig maak.

### *Keuse is tussen Totale Segregasie of Gelykstelling*

Die Stellenbosse verklaring lui dat die Fagan-Kommissie as uitgangspunt vir sy aanbevelings aanvaar dat daar ten opsigte van die verhouding tussen Blank en Naturel in Suid-Afrika drie beleidsrigtings is, nl.: totale segregasie; geen rassediskriminering; en (die rigting wat die kommissie aanbeveel) die beleid wat aanneem dat blanke en naturellegemeenskappe, oor die land versprei soos vandag die geval is, permanent naas mekaar moet bly voortbestaan, ekonomies ineengestrengel, en dat beide as permanent en as onderdele van een groot masjien erken moet word.

Dit is teen hierdie beleid wat die Stellenbosse verklaring die volk wil waarsku. Die verklaring beklemtoon dat die keuse wat die volk moet maak tussen totale segregasie (of apartheid) of gelykstelling tussen wit en swart is. Die sogenaamde derde beleid wat die Fagan-Kommissie aanbeveel is 'n kompromis wat uiteindelik na gelykstelling lei.

Die verklaring lui:

„In werklikheid lê die basiese verskil tussen die twee rigtings daarin dat die een die uiteindelike skeiding en die ander die uiteindelike volledige integrasie (of ineenskakeling) van Blank en Naturel in Suid-Afrika beoog. **Tussen hierdie twee beleidsrigtings kan daar geen kompromis, dus ook geen derde beleidsrigting, wees nie.** Die vergelyking wat die kommissie moes getref het, is 'n vergelyking van, nie wat die een beleid wil hê (positief) en wat die ander nie wil hê nie (negatief), maar van wat die positiewe mikpunt en gevolge van elk van hierdie beleidsrigtings is. As die Kommissie in sy uiteensetting konsekwent wou gewees het, dan moes hy die twee botsende beleidsrigtings as volg teenoor mekaar gestel het: dat die een (totale segregasie) hom beywer vir die daarstelling van twee aparte gebiede waarin die twee rasse onderskeidelik as permanente ingesetenes — met die daarmee gepaardgaande verantwoordelikhede en regte — beskou moet word, in teenstelling met die beleid van integrasie, (geen rassediskriminering) wat Blank en Naturel in een groot staatkundige eenheid permanent verenig wil sien. Die verskil tussen die twee rigtings — en so moes die Kommissie dit gestel en gesien het — is derhalwe dat die een hom beywer vir die nasionale ontwikkeling van die twee groepe apart van mekaar, terwyl die ander hom beywer vir die gemeenskaplike ontwikkeling van die twee groepe binne dieselfde staatkundige en ekonomiese eenheid."

### *Regering se Beleid is Gevaarlik*

Maar die huidige regering het sedert sy bewindsaanvaarding ook die derde beleidsrigting aanvaar, nl. dieselfde kompromisbeleid wat deur die Fagan-Kommissie aanbeveel word. By monde van die Eerste Minister, dr. Malan, het die huidige regering die beleid van totale segregasie verwerp omdat dit dan onprakties en onuitvoerbaar sou wees. Die regering het ook die gelykstellingsbeleid van geen diskriminasie verwerp. Derhalwe is die waarskuwing van die Stellenbosse dosente nou ook op die regering van toepassing omdat hy 'n kompromis-beleid ten aansien van rasseverhoudings in ons land volg wat na uiteindelike gelykstelling lei.

### *Territoriale en Ekonomiese Integrasie*

Die Stellenbosse verklaring lui verder:

„Omdat die Kommissie die keuse tussen die twee beleidsrigtings nie op hierdie wyse geformuleer het nie, was dit vir hom moontlik om tot die foutiewe gevolgtrekking van 'n ‚derde beskouing' as alternatief tot die twee rigtings hierbo genoem, te kom. Om logies-konsekwent te gewees het, moes die Kommissie gesoek het òf na 'n **Kompromis tussen uiteindelike skeiding** en uiteindelike **integrasie**, òf na een tussen **diskriminasie** en **geen diskriminasie** in wetgewing en administrasie. Die sgn. ‚derde beleidsrigting' van die Kommissie is dan wesentlik ook niks anders nie as dat Naturel en Blank in Suid-Afrika territoriaal en ekonomies volkome ge-integreer moet word. Met die oog daarop verklaar die Kommissie o.a. dat die ‚permanente vestiging van Naturelle in stedelike gebiede as 'n onveranderbare feit erken moet word;' dat ‚die beleid behoort te wees om stabilisering van arbeid te vergemaklik en aan te moedig,' en dat dit (ooreenkomstig so 'n stabilisasie-beleid) derhalwe vir naturellemans moontlik gemaak moet word om hul vrouens en kinders saam met hulle na die stedelike gebiede te bring."

### *Verwoerd voer Fagan-aanbevelings uit*

Dit is merkwaardig dat die Fagan-Kommissie se beleid van territoriale en ekonomiese integrasie van die naturel vandag die beleid is wat die huidige regering uitvoer. Die regering tref maatreëls „vir die permanente vestiging van die naturelle in stedelike gebiede" en vir die „stabilisering van arbeid" — juis die dinge waarteen die Stellenbosse dosente die volk in 1948 gewaarsku het.

Verlede jaar in Desembermaand het dr. H. F. Verwoerd, die Minister van naturellesake 'n konferensie in Pretoria belê om 'n langtermynplan uit te werk vir die behuising van stedelike naturelle. Die minister het verklaar dat dit „'n streekplan moet wees waarvolgens Pretoria se naturellebevolking almal in enkele groot gebiede saamgetrek sal wees met voldoende ruimte vir uitbreiding oor 'n tydperk van vyftig jaar. Op hierdie grondslag sal naturelle-woonbuurte vir alle groot stede van die Unie beplan word," het die minister gesê.

Daar het u die territoriale integrasie van die naturelle.

Die minister het voorts verklaar: „Die gedagte is dat die naturellewerkers dan met spoorwegvervoer in groot getalle, op ekonomiese grondslag vanuit hul streekgebiede na hul verskillende werksgebiede in die stad gebring sal word."

Daar het u die ekonomiese integrasie van die naturelle.

### *Beleid van Parallelisme*

Die verklaring van die Stellenbosse dosente lui voorts:

„Word die ekonomiese en territoriale ineenskakeling van Blank en Naturel as 'n onveranderbare feit aanvaar, en word die verdere ineenskakeling tot staatsbeleid verhef, volg dit logies (omdat integrasie nie tot hierdie twee terreine beperk kan en sal bly nie) dat voorsiening daarvoor gemaak moet word dat die Naturellebevolking op een of ander tydstip en of ander mate van medeseggenskap in die landsbestuur toegeken word. Dit is goed bekend dat daar voorstanders van die integrasie-rigting is wat dit bepleit dat die Naturelle onmiddellik op gelyke voet met die Blankes gestel moet word, dat daar dus geen rasse-diskriminasie van owerheidsweë, d.w.s. in wetgewing en in administrasie, moet wees nie. Die standpunt van die Kommissie ten opsigte van hierdie aangeleentheid word duidelik weergegee in die volgende woorde hierbo reeds aangehaal: ‚dat daar verskille tussen hulle is waarop die wetgewing wel ag moet slaan en wat 'n mate van skeiding in administratiewe aangeleenthede nodig en raadsaam maak.' Ooreenkomstig hierdie beginsel word die in die lewe roeping van aparte of parallelle instellings vir Naturelle en Blankes, met die nodige gemeenskaplike skakels, aan die hand gegee."

Maar hierdie beleid van parallelle instellings vir naturelle wat die Fagan-Kommissie aanbeveel

(Vervolg op bladsy 3, kol. 4)

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**

(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar.

Vir herhalings 25 persent afslag.

**Handelsadvertensies:**

Eerste plasing 2d. per woord. Vir herhalings 25 persent afslag.

**Intekengeld op „Die O.B."** (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/3 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings en intekengeld na **VOORSLAG (EDMS.) BEPERK, Posbus 1411, KAAPSTAD.**

### DOODBERIG

BESTER. — Die O.B.-kommando's van Naboomspruit deurleef 'n sware slag in die heengaan van komdte. mev. J. J. Bester op 22 Januarie 1952, in die ouderdom van 50 jaar en 9 maande. Haar mooi lewe, getroue en ywerige strewe bly vir ons 'n troos en voorbeeld. Die verlies is byna onoorkomelik. — Namens Kommando's F10A3 en F10A8. 30/1/1

### ALGEMEEN

**MEDE-BRANDWAGTE!** — Ek moet binneland toe (Transvaal of Vrystaat) verskuif om my vrou se gesondheidsontwil. Ek is 'n geregistreerde bouer. Het u miskien 'n bouer of 'n bou-voorman nodig? Skryf aan **Adverteerder, Posbus 1411, Kaapstad.** 30/1/1B

### INLIGTING ASSEBLIEF

Kan enigiemand my inligting verskaf omtrent bouwerk op Odendaalsrus, asook van skole? — Skryf aan: **Adverteerder, Posbus 1411, Kaapstad.** 30/1/1B

### MEUBELS

**MEUBELS.**—Beter Meubels teen billiker pryse. Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen katalogus. Meld waarin u belangstel. — **VISSER-MEUBELS, Langstraat 179, Kaapstad.** 3/12/11

### RADIO

**LOUW EN LOUW,** die Beroemde Radio-ingenieurs, **Stasieweg, Parow,** verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435.

### HORLOSIES EN BRILLE

**H. J. STEYN, De Villiersstraat 17, Vasco, K.P.**—Vir horlosies en brille. Verkoop en repareer. Persoonlike aandag. 19/9/TK

### GRYSHARE

**GRYSHARE,** skilfers, ou voorkoms, onnodig. Oortuig u self deur **GRYSHAARWONDER,** die jongste kunsmatige wêreldwonder, haar- en kopvelvoedingsmiddel te gebruik. Skadeloos, kleurstofvry, 5s. per bottel, geld met bestelling.—**Boeregeneesmiddels, Posbus 4272, Johannesburg.** D1/9/49

**ANTIGRYS herstel gryshare en baard** tot natuurlike kleur. Geen kleurstof. Verwyder skilfers, laat hare groei, ens. Gewaarborg of geld terug. 5/6 per bottel, posvry. Kontant met bestelling. **Die Boerevrou, Posbus 7559, Johannesburg.** E14/6/50

### MEDISYNE

**GESONDHEID** is u regmatige erfenis. Oortuig uself deur ons behandelings te gebruik en u kwaal te ontwortel. Skryf, inligting gratis, **Boeregeneesmiddels, Posbus 4272, Johannesburg.** B1/9/49

**Duisende is reeds van hulle kwale bevry.** Talle vind daagliks baat. Waarom sal u langer ly? Skryf dadelik. Raadpleeg **Die Boerevrou, Posbus 7559, Johannesburg.** (Nr. 3)1/9/49

## *Ander Se Menings*

# Partypolitiek Verdoem Briljante Mense Na Woestyn

**Mnr. T. J. Kruger, Ostendweg 59, Dellville, Germiston skryf in Die Landstem, na aanleiding van 'n onderhoud wat die blad met adv. Oswald Pirow gehad het oor landsake:**

Na meer as 50 jaar van kompromie behoort dit duidelik te wees dat ons op die ou politieke wyse mooi netjies niks bereik het nie. Die Britse konneksie en 'n Republiek het nie met mekaar versoen nie en die partypolitiek is nog maar hierop gebaseer.

Die ou Sappe het nie die moed om op grond van Smuts se boek „Holism and Evolution" 'n holistiese staat sonder partypolitiek te propageer nie, en die Nasionale Party Republikeine is nie gewillig om 'n partylose Republiek voor te stel nie. Die kompromie van 'n Afrikaanssprekende Goewerneur-generaal het geen konstitusionele vrede gebring nie. . . .

### RENTELAS

Ons ekonomie en finansies is nog maar gekoppel aan 'n goudstandaard as basis en die prys van goud word nie deur die goudprodusente bepaal nie. Ons finansiële beleid maak ons nog maar afhanklik van buitelandse lenings en die volk as geheel betaal feitlik meer aan rente as aan belastings.

Geen party in Suid-Afrika het nog ooit ekonomies-finansiële hervormings in Suid-Afrika aangedurf nie. Die geldende houding in Suid-Afrika is dat die geldmagnate onaantasbaar is — en dis hier waar 'n geestelike rewolusie, 'n algehele gedagte-omwenteling van die breë volksmassa die enigste uitweg is.

### ARBEID

Die gewone burger moet sy vrees vir kapitalisme verloor en hy moet verstaan dat 'n volk se grootste rykdom bestaan in produktiewe werkers. In plaas van die klem op die kapitaal te lê, moet ons die klem laat val op die arbeid.

Onder party-politiek het dit geblyk dat die werkers óf kapitalisme óf kommunisme aanvaar — 'n middelweg kan partypolitiek nie vind nie. Die middelweg is koöperatiewe kontrole van Suid-Afrikaanse industrië — wetenskaplike bestuur waarin die werkers gelei word om groter verantwoordelikheid gepaard met meer seggenskap te aanvaar.

Die partypolitiek het ten spyte van die Nywerheidsvoorsieningswet geen basiese versoening tussen werkgewers en werknemers bewerkstellig nie— met ander woorde, die partypolitiek het in gebreke gebly om in Suid-Afrika 'n arbeidsbeleid neer te lê.

### KLEURSKEIDING

Wat betref die kleurskeidslyn het die partypolitiek in gebreke gebly om aan die negatiewe houding 'n skeppende gedagte te knoop. Ons moet vandag aanvaar dat ons uiteindelik in Suid-Afrika drie nasies gaan word: 1, Blank — die huidige rusie tussen Afrikaans- en Engelssprekendes is tydelik en maar net die geboortepyne van 'n verenigde nasie; 2, Kleurlinge; 3, Bantoes.

Genl. Hertzog se segregasiewetgewing was in hierdie rigting. Maar ons sal baie verder moet gaan. Dis op dié punt waar mnr. Pirow veral 'n baie realistiese standpunt het en sy erkenning dat ons drie aparte state gaan hê, is die mees rewolusionêre oplossing vir hierdie vraagstuk.

Om nasies met aparte state te vorm is 'n skeppende gedagte. Mnr. Pirow openbaar hiermee die skeppingsdrang wat essensieel is by enigeen wat aan 'n samelewing of 'n staat rigting wil gee.

### SLAGKRETE

Daar moet duisende mense in Suid-Afrika wees wat hierdie Suid-Afrikaanse skeppingsdrang deelagtig is, maar soos u tereg in u hoofartikel omlyn „ons het onsself buite aksie beperk — ons het onsself so beperk dat daar geen ruimte vir skepping is nie."

Dit was vir my verfrissend om in u artikel my eie oortuiging vertolk te sien. Die breë volksmassa is verslaaf geraak aan uitgediende slagkrete — slagkrete wat vyftig jaar gelede reeds twyfelagtige waarde gehad het, word 'n halwe eeu daarna nog opgedis as die hoogste politieke wysheid.

Hervorming beteken maar net verwisseling van regering; Piet se onsin word verruil vir Gert se oppervlakkige slimmigheid . .

Ons politieke leiding het geword puur en simpel agitasie — persoonlike beswaddering. Van skeppende leierskap is daar geen sprake nie.

(Vervolg op bladsy 6, kol. 5)

# *POLITIEKE PARTYE IS NES PRINSE*

**Die Cape Argus is ontevrede, glo teleurgesteld ook.**

Nadat mnr. C. R. Swart, minister van justisie, in die volksraad voorgestel het dat 'n gekose komitee aangestel word wat die posisie van mnr. S. Kahn (naturelleverteenwoordiger, Wes-Kaapland) en van mnr. F. Carneson, lid van die Kaaplandse provinsiale raad, kragtens die wet op die onderdrukking van kommunisme, moet ondersoek, het dr. Colin Steyn opgestaan en namens die Verenigde Party die voorstel ondersteun „aangesien dit ingedien word volgens 'n bestaande wet."

Na aanleiding van hierdie steun kla die Argus:

### GROOT VLUG

„In die groot vlug, weg van beginsels af, moet ons die belaglike skouspel gadeslaan van die Nasionale Party wat witvoetjie soek by die Engelse en die Verenigde Party wat bang is dat hy nie nasionalisties genoeg is nie."

Die blad se verwyt is: „Aangesien die algemene verkiesing net om die hoekie is, is dit onvermydelik dat politieke partye die woorde van elke maneuver versigtig sal oorweeg, en gevolglik kan nog meer van hierdie soort ding gedurende die sitting wat nou net begin het verwag word."

Die blad wil weet of dit dan nou sover gekom het dat die Verenigde Party dit aan mev. Ballinger moes oorlaat om alleen die sogenaamde „beginsel" te stel wat, ten aansien van mnr. Swart se voorstel op die spel sou wees.

### NES PRINSE

Die Argus weet tog seker dat die Amerikaners statistieke oor enige ding onder die son het. Nou ja. Hulle het glo ook statistieke wat bewys dat dit die land se groot politieke partye ongeveer tien tot vyftien jaar neem om mekaar se beginsels volkome oor te neem. Indien die Amerikaanse bevinding korrek is sal die Argus een van die dae die Nasionale Party moet begin ondersteun en die Verenigde Party moet begin beveg!

Politieke partye is net soos prinse: mens moet nie vertroue in hulle stel nie. Hulle stel jou altyd teleur. Het die Argus dit nog nie agtergekom nie?

# DUITSLAND OP PAD NA VERENIGDE EUROPA

**(Ons Duitse Korrespondent)**

**Die Duitse parlement in Bonn het met 'n verrassende meerderheid (die Sosiaal-Demokrate en die Kommuniste het daarteen gestem) die ratifikasie van die Schuman-plan goedgekeur en daarmee die eerste stap op die pad na Europese eenwording gedoen.**

Die stryd oor die Schuman-plan was die kwaaiste, maar seker ook die skoonste stryd wat sedert die bestaan van die Duitse Bondsrepubliek in Bonn gevoer is. Die feit dat die Duitse parlement as sodanig deurdrenk was van die erns en verantwoordelikheid waarvoor hy in die historiese uur gestel was, blyk daaruit dat selfs die opposisieparty (S.P.D.) uiteindelik nie die verantwoordelikheid vir die mislukking van die plan wou aanvaar nie. Dit mag snaaks klink omdat die Sosiaal-Demokratiese Party (S.P.D.) tog teen die plan gestem het, maar Erich Ollenbauer, die plaasvervanger van die opposisieleier, dr. Schumacher, wat op die oomblik ernstig siek is, het sy party se onwilligheid om die verantwoordelikheid te dra, duidelik in sy toespraak beklemtoon.

### NIE VOLMAAK NIE

Hy het gesê dat die opposisie nie soseer teen die plan om Europese eenheid te bewerk is nie, as dat hulle voel dat deur „nee" te sê op die Schuman-plan, Duitsland die deur oophou vir latere onderhandelinge waardeur die regte en pligte van die ses deelnemerstate meer ewewigtig verdeel sal word.

**Die voorstanders van die Schuman-plan het nie ontken dat die plan glad nie volmaak is nie en dat die posisie van Duitsland binne die Europese staal- en steenkool-kombinasie voorlopig nog slegter is as dié van die vyf ander deelnemerstate nie. Dit is as gevolg van die gebrek aan beleggingskapitaal en as gevolg van die geallieerdes se verbod op die herstel van die Thyssen-werke en die Reichwerke.**

### MET ERNS BEGIN

„Maar waar moet ons dan begin as Duitsland sy rug op Europa keer vanweë sekere nadele wat slegs deur Europese samewerking opgehef kan word?" Toe 'n regeringsondersteuner hierdie ernstige vraag gestel het, het daar vir 'n paar oomblikke 'n drukkende stilte in die parlementsaal geheers.

Die „Yster Oubaas" (die Duitse Bondskanselier) wat gedurende die tweede lesing, wat negentien uur sonder onderbreking geduur het, die parlementshuis nooit verlaat het nie, het in die rigting van die kommuniste gekyk. Sy ondeurgrondelike gesig het plotseling nog strakker en vasberadener geword. Wat hy op daardie oomblik gedink het sal sy beste vriende seker ook nooit agterkom nie.

### WARM KLANK

Maar dat hy al sy kragte (en die ses-en-sewentige kanselier het nog volop daarvan) in hierdie parlementêre stryd gegooi het, het nogeens geblyk uit die slotrede wat hy op die derde en laaste dag van die debat oor die Schuman-plan gelewer het. Sy stem het skielik 'n verrassende warm klank gekry, wat nog nooit by hierdie stugge kanselier gehoor was nie. Hy het gepraat op 'n wyse wat selfs sy teenstanders bekoor het. Met 'n meerderheid van 89 stemme het hy dan ook die oorwinning behaal.

Toe die kanselier in die skemerdonker huiswaarts gekeer het na die Schaumburg-paleis, is hy daar ingewag deur 'n fakkeloptog van meer as 2,000 Duitse kinders wat bymekaargekom het om die „Yster Oubaas" te bedank vir die vasberadenheid en moed waarmee hy die pad na 'n verenigde Europa bewandel.


## *Werf Intekenare op*

## DIE O.B.

Stuur asseblief die O.B. aan (skryf naam en adres in blokletters):

NAAM ....................................................

ADRES ....................................................

....................................................

★ Bovermelde nuwe leser het self ingeteken op Die O.B.
★ Ek laat Die O.B. op my rekening na bovermelde leser stuur.

(★ Krap uit wat nie van toepassing is nie.)

Tydperk van intekening waarvoor betaal word is

.................................... en bedrag wat ingesluit

word is £..................:..................s..................d.

Handtekening en adres van afsender:

....................................................

....................................................

....................................................

**Intekengeld: 12/6 per jaar of 6/3 per halfjaar.**
Voeg asseblief kommissie by plattelandse tjek.

# Oorlog Nodig Vir Behoud Van Dollar-Kapitalisme

**„Oorlog is 'n onafwendbare noodsaaklikheid; dit is 'n onvermydelike wetmatigheid van die komende geskiedenis en geen menslike goeie wil kan daar iets aan verander nie," skryf adv. Pirow se Nuusbrief. Na aanleiding van die slakkegang van die wapenstilstand-onderhandelings in Korea verklaar die Nuusbrief:**

**Elke keer wat die vrede in die Verre Ooste „gedreig" het, het die beurs te New York *gedaal*, maar die beurse op die vasteland het *gestyg*. Dit was besonder opvallend gedurende die maand Julie (van verlede jaar). Hierdie paradoksale beursbewegings bewys dat daar eintlik twee wêrelde in die Weste onderskei behoort te word: 'n Amerikaanse en 'n Vastelandse. Dit bewys verder dat die twee wêrelde deur teenoorgestelde belange gekenmerk word, al is hulle albei in dieselfde verdedigingsplan ingelyf.**

**Die dalende beursbeweging te New York by elke teken van vrede bewys vir ons dat die Amerikaanse ekonomie 'n ekonomie is wat bewapening en oorlog op hierdie stadium nie kan ontbeer nie. Die beursbewegings op die vasteland lewer weer die bewys dat die ekonomiese voorspoed van die Vasteland meer in die vrede en in 'n vredesekonomie geleë is. Ons behoort ons rekenskap te gee van daardie teenstrydige belange in een en dieselfde politieke kamp. Slegs dan sal ons in staat wees om te verstaan wat aan die grond lê van die steeds opnuut oprysende krisisse tussen Amerika en die Vasteland.**

### NOG NIE VERSADIG

Die ontwikkeling van die Amerikaanse nywerheid het sy hoogtepunt en sy punt van versadiging nog nie bereik nie en is steeds vir verdere uitbreiding vatbaar. Vir die V.S.A. is dit wellig 'n ware lewensbehoefte dat hierdie nywerheidsuitbreiding op peil gehou word en selfs teen 'n sneller tempo voortgesit word, maar die afsnoering van die helfte van die Europese en die hele Asiatiese wêreld deur die Russiese politiek maak dit onmoontlik dat hierdie ontwikkeling langs die weg van gewone normale vredesekonomie gesoek en gevind kan word. **Om daardie rede verg die vereiste intensifering van nywerheidsuitbreiding 'n ander uitweg. Hierdie uitweg word gevind in die toespitsing op die bewapeningsindustrie en voorbereiding vir oorlog. Vandaar dan die massiewe bewapening van die hele Weste waarby die politieke toestande ten volle uitgebaat word.**

### OORLOG

Om dit padlangs en sonder doekies te sê: Vir Amerika is die oorlog 'n ekonomiese noodsaaklikheid sowel in die onmiddellike toekoms as op lang termyn. Oorlog in die onmiddellike toekoms is noodsaaklik om 'n ekonomiese ineenstorting en 'n langdurige ekonomiese ellende te vermy wat Amerika onder huidige omstandighede sy wêreldposisie kan kos. Dit is ook vir 'n Amerikaanse langtermynbeleid noodsaaklik, want slegs deur oorlog sal dit moontlik wees om die hele wêreld weer oop te stel vir sy vredesproduksie.

### VASTELAND

Die Vasteland het daarenteë in die algemeen sy hoogste punt van ontwikkeling met die oog op normale vredesproduksie bereik. Die gevolg hiervan is dat die heersende oorlogsekonomie, waartoe die Vasteland deur die politieke toestande en deur die dwang van Amerika verplig word, vir hom dubbel noodlottig is. In die eerste plek druk dit die peil van die vredesekonomie onder 'n aanvaarbare minimum omlaag en word die normale ekonomiese lewe deur abnormale vredesrestriksies bedreig. In die tweede plek kan die Vasteland deur 'n vredesekonomie, en slegs deur 'n vredesekonomie, die harde dollars wat hy nodig het verkry. Die gevolg is dat die afgedwonge oorlogsekonomie die diepere oorsaak is van die blywende finansiële moeilikhede van die Vasteland. **Kortom, oorlogsekonomie beteken vir Europa 'n lae lewenspeil en 'n finansiële gebreklikheid. En daarom daal die beurs in New-York en styg dit in Parys elke keer as daar 'n illusie van Koreaanse vrede aan die hemel verskyn.**

### PREWENTIEF

Uit daardie beursbewegings kan ons egter nog 'n ander, en 'n baie minder verkwiklike les leer. Dit is dat oorlog onvermydelik is en dat dit 'n prewentiewe oorlog sal moet wees. Dit is nie van Russiese kant wat die sinjaal daarvoor gegee sal word nie. Vir Rusland is daar voorlopig nie die minste voordeel uit 'n oorlog te haal nie. Die teendeel is waar: Rusland speel in die genoemde ekonomiese speletjie glad nie saam nie; hy vorm met sy sataliete 'n geslote ekonomiese wêreld. Solank Rusland op vrede kan reken, kan hy sy ekonomiese potensieel ongestoord uitbou. Die ekonomiese ontwikkeling van die Russiese wêreld het nog lank nie sy versadigingspunt bereik nie en hy kan voorlopig op voldoende afsetgebied reken. Bowendien beskik Rusland oor 'n regime wat net soos die Nasionaal-sosialistiese in die jare 1933 tot 1939 — maar onder oneindig gunstiger ekonomiese voorwaardes — vry is van die gewone wette van die geld- en wêreldhandel. Dat Duitsland in daardie posisie verkeer het, was reeds die vernaamste rede van die tweede wêreldoorlog!

### BEDREIGING

**Vir Rusland lê die heil in die vrede. Vir die res van die wêreld egter beteken 'n vredestoestand dat die bedreiging wat Rusland vorm, steeds groter en groter word. Gestel dat Rusland vir vyftien jaar lank onder vredestoestande sou kon ontwikkel en intussen daarin sou kon slaag om die Sjinese wêreld ekonomies en industrieel te konsolideer en uit te bou, dan sou geen mag ter wêreld meer in staat wees om die Russiese ekspansie die hoof te bied nie. Om hierdie rede is die opsplyting van die Russiese blok en die fnuiking van sy mag 'n onafwendbare noodsaaklikheid vir die ekonomiese toekoms van die Verenigde State. Dit is ewegoed 'n conditio sine qua non vir die Europese Vasteland. Sonder oorlog is daardie opsplyting en fnuiking nie denkbaar nie. Oorlog is dus 'n onafwendbare noodsaaklikheid; dit is 'n onvermydelike wetmatigheid van die komende geskiedenis en geen menslike goeie wil kan daar iets aan verander nie.**

## Nuwe Bybel

Die hersiene uitgawe van die Bybel in Afrikaans sal waarskynlik teen die einde van volgende jaar beskikbaar wees, volgens 'n verklaring van ds. H. P. Steyn, hoofsekretaris van die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap.

# Tien Jaar Gelede

## O.B. STAAN LOS VAN PARTYE

**Op 28 Januarie 1942 het die volgende verklaring van die Dagbestuur van die Ossewabrandwag in Die O.B. verskyn:**

Die Ossewabrandwag as volksorganisasie staan heeltemal afsydig van enige inwendige twis of geskil binne politieke partykringe van die nasionaal- en republikeinsgesinde Afrikanerdom.

**Op grond van sy ondervinding met sekere partyleiers in die verlede wil die Ossewabrandwag hom nie weer inskakel met enige besondere partyformasie deur middel van ooreenkomste nie, maar sal by verkiesings sy lede aanraai om kandidate te steun wat republikeins is en wat nie teen die Ossewabrandwag as organisasie veg nie of sy lede aanspoor om te bedank nie.**

Die Ossewabrandwag van sy kant bly egter bereid, soos altyd, om enige parlementêre of politieke optrede ter verwesenliking van die vryheidsideaal te steun.

Daarom verwag hy as republikeinse volksbeweging van die kant van republikeinse partye of groepe ondersteuning en goeie gesindheid. So ook van alle republikeinsgesinde liggame en persone wat dieselfde doel en beginsels nastreef, buite en binne die volksraad.

**Die Ossewabrandwag bind nie sy lede tot lidmaatskap van een bepaalde republikeinse groep of partyformasie nie en het as volksbeweging niks te doen met groepsgeskille binne partykringe nie. Die Ossewabrandwag wil nie veg teen diegene wat hom as organisasie goedgesind is en wat nie saam met die imperialiste en onnasionale elemente teen die voortbestaan van die Ossewabrandwag te velde trek nie.**

# SEGREGASIE IS AFRIKA-BELEID

**Die blanke beskawing in Afrika is tot ondergang gedoem as 'n beleid van segregasie nie in alle gebiede waar blankes en nie-blankes woon konsekwent toegepas word nie.**

**Dit is die oortuiging wat mnr. E. L. Smith, 'n vooraanstaande boer van Thomson's Falls in Kenia, wat op besoek in die Unie is, aan 'n verteenwoordiger van die regeringskoerante uitgespreek het.**

Mnr. Smith is baie pessimisties oor die moontlikheid dat Kenia lank blank sal bly.

Mnr. Smith is heeltemal reg. Segregasie is 'n Afrika-beleid. Maar dan moet dit vanselfsprekend totale segregasie wees waarvolgens die vasteland van Afrika verdeel sal word in blanke en nie-blanke gebiede. Dit is die enigste beleid wat die blanke beskawing in Afrika (ook in Suid-Afrika) sal „red".

### ONDERMYN

**Solank die Britse en ander gebiede in Afrika gelykstelling tussen wit en swart as beleid handhaaf en solank as wat Suid-Afrika se regering die territoriale en ekonomiese intergrasie van die swart-man deur wetgewing bevorder, word die blanke beskawing in Afrika en Suid-Afrika nie gered nie, maar stelselmatig ondermyn.**

Daarom dat die Ossewabrandwag voortdurend daarvoor pleit dat die hoeksteen van elke Suid-Afrikaanse regering se buitelandse beleid moet wees: **totale segregasie in Afrika.** Dit is lewensbelangrik vir die witman in Suid-Afrika. Dit is die redding van die blanke beskawing.

**Die Ossewabrandwag eis selfs dat die Amerikaners en die Engelse hierdie primêre Suid-Afrikaanse strewe moet steun indien hulle Suid-Afrikaanse deelname aan 'n toekomstige wêreldoorlog wil verseker.**

# BEVOLKINGSYFERS

**Die totale bevolkingsyfer van die Unie op 8 Mei verlede jaar, toe die sensus gehou is, was 12,646,375 mense, volgens hersiene voorlopige syfers wat deur die Buro van Sensus en Statistiek vrygestel is.**

Van hierdie aantal is 2,643,187 blankes. 8,535,341 naturelle. 1,038,766 Kleurlinge en 365,524 Asiate.

Gedurende die afgelope vyf jaar het die bevolking (alle rasse) met 1,228,026 vanaf 11,418 in 1946 tot die huidige syfer van 12,646,375 aangewas. Gedurende hierdie tydperk het die blankes met 270,497 aangewas en die naturelle met 703,426.

Die digsbevolkte provinsie verlede jaar was Transvaal met 'n totale bevolking van 4,802,405 mense, van wie 1,205,458 blankes en 3,802,405 naturelle was.

Kaapland het 'n bevolking van 4,417,330 van wie 935,674 blankes, 2,483,652 naturelle, 64,542 Kaapse Maleiers, 923,914 ander Kleurlinge is.

Natal was derde op die lys met 'n bevolking van 2,408,433 — 274,468 blankes, 299,068 Asiate en 1,803,347 naturelle.

Van die 1,018,207 mense in die Vrystaat was 227,587 blankes en 775,702 naturelle.

Johannesburg en voorstede het 'n bevolkingsyfer van 880,014 gehad. Hiervan was 359,539 blankes en 461,410 naturelle.

Johannesburg is nog die grootste stad in die Unie. Kaapstad is tweede met 'n bevolking van 571,638 mense — 247,446 blankes, 4,677 Maleiers, 220,061 Kleurlinge en 49,351 naturelle, en Durban derde met 'n bevolking van 475,026 — 150,826 blankes, 160,231 Asiate en 146,911 naturelle.

Pretoria se bevolkingsyfer het gestaan op 283,148 van wie 150,657 blankes, 120,563 naturelle, 5,891 Asiate en 5,674 Kleurlinge was.

Die bevolkingsyfer van Germiston — 149,982 — was groter as dié van Bloemfontein (109,130), Pietermaritzburg (74,399), Kimberley (62,212) en Oos-Londen (90,978).

### HET DIE DUITSERS SES MILJOEN JODE VERMOOR?

(Vervolg van bladsy 3, kol. 3)

| | |
|---|---|
| Oostenryk ... ... ... | 400,000 |
| Tsjeggo-Slowakye ... | 200,000 |
| Frankryk ... ... ... | 150,000 |
| België ... ... ... | 15,000 |
| Holland ... ... ... | 10,000 |
| Hongarye ... ... ... | 7,000 |
| Ander ... ... ... | 4,000 |
| Totaal ... ... ... ... | 4,286,000 |

Die Russiese en Baltiese Jode word nie in berekening gebring nie omdat hulle, op bevel van Stalin, met die terugtrekkende Russiese leërs moes saamtrek na die binneland van Rusland. Die Roemeense Jode het onder beskerming van die Roemeense regering gestaan en Himmler en sy S.S.-troepe het in daardie land niks te sê gehad nie. Indien daar in Roemenië 'n Jood gedood is, is hy nie deur 'n Duitser gedood nie.

**Aldus blyk die Joodse propaganda oor die ses miljoen Jode wat die Duitsers sou vermoor het 'n groot leuen te wees.**


• WAARDE
• KWALITEIT
• VERSKEIDENHEID

DAMES-, MANS- en KINDER-UITRUSTERS SNYERS

**UNIEWINKELS**
BEPERK

KERKSTRAAT 275 — PRETORIA

Takke: Johannesburg, Germiston, Benoni, Vereeniging, Kaapstad

# WAT VAN VRYHEIDSDAG ?

Sedert sy ontstaan in 1938 het die Ossewabrandwag nog elke jaar op 27 Februarie die lede van die beweging — trouens alle republikeinsgesinde Afrikaners — opgeroep om, onder beskerming van die plaaslike kommando's van die beweging, Vryheidsdag te vier. Die staande oproep lui dat elke kommando Vryheidsdag moet vier — die groot kommando's sowel as die kleintjies, die ywerige kommando's sowel as die ander.

**Die Ossewabrandwag verlang dat daar elke jaar, op elke dorp en stad in ons land — as dit kan — groot of klein byeenkomste van Afrikaners sal wees, wat hulle opnuut gesamentlik en individueel sal verbind om te streef na die volkome onafhanklikheid van hul volk.**

Vanjaar gaan die oproep weer uit na elke kommando van die Ossewabrandwag. En elke generaal en kommandant in die eerste instansie en elke O.B.-lid in die laaste instansie word dringend versoek om gehoor te gee aan die oproep.

Die vraag mag gestel word: Is die instelling en viering van 'n jaarlikse vryheidsdag nodig? Daarop moet ongetwyfeld bevestigend geantwoord word.

## HISTORIESE HEIMWEE

**In die eerste plek is dit nodig om daarop te wys dat daar baie min Afrikaners vandag nog lewe wat aan die heroïse vryheidstryde van ons volk deelgeneem het. Die Afrikaners wat in die Tweede Vryheidsoorlog en in die Rebellie geveg het is stadigaan besig om uit te sterwe. Die opvolgende Afrikanergeslagte het nie die Republiek geken nie en het ook nie vir hul volk se vryheid geveg nie. Hulle is òf in 'n Britse kolonie òf in 'n Britse dominium, òf in 'n Britse koninkryk gebore. Hulle ken net die Britse vryheid en geleidelik is hulle besig om so gewoond daaraan te raak dat die hunkering na Afrikaanse volksvryheid stadigaan vervaag tot historiese heimwee.**

Daar moet voortdurend gewaak en ernstig gewaarsku word teen hierdie berusting in Brits-skap wat vir die voortbestaan en ontwikkeling van die eiesoortige Afrikanervolk noodlottig is.

Daarom moet die vryheidstryd steeds heraanvaar word — nie net af en toe per toeval nie — maar gereeld elke jaar. So sal die vryheid, as aktuele ideaal, bly lewe in die harte van Afrikaners van geslag tot geslag totdat dit bereik is.

**Die Ossewabrandwag is histories aangewese om die Afrikaners op te roep tot die gereelde heraanvaarding van die vryheidstryd omdat hy die omvattende volksbeweging verteenwoordig wat brandwag staan oor die koers en die strewe van die Afrikanervolk. Boonop het die Ossewabrandwag die voorreg verdien omdat hy die vryheidstryders van hierdie geslag gelewer en gehuldig het.**

## GEDURIGE AANSPORING

In die tweede plek is dit nodig om daaraan te herinner dat die vryheidstryd van ons volk nog glad nie volstry is nie. Die Afrikanervolk moet die vryheidstryd nog wen — op verskillende terreine. Daarom is gedurige aansporing nodig om nie te verslap nie, maar om volhoudend te stry.

**Trouens, dubbele aansporing is nodig omdat die politieke partye van die Afrikanervolk die aanmatigende neiging openbaar om die volk tot strydloosheid en berusting te sus deur aanhoudend te spog dat hulle reeds alles verkry het waarna die volk gestreef het, maar . . . dat dit nie nodig is om te vat wat kastig verkry sou wees nie omdat die volk baie goed daarsonder klaarkom.**

**Derhalwe moet die volk op Vryheidsdag geleer word om nie net te veg vir sy vryheid nie, maar om boweal die vryhede wat gewen word ten volle te aanvaar. Wat baat dit die bobbejaan om die tou, wat hom aan die paal bind af te kou as hy daarna nog steeds op die paal bly sit? Dit gebeur as die wil tot vryheid ontbreek. Wat help dit die Afrikanervolk om die reg te wen om 'n republiek uit te roep as hul politieke party, wat die mag in die hande het, beslis weier om daardie reg uit te oefen?**

## INTERPRETASIE VAN STRYD

In die derde instansie moet beklemtoon word dat elke geslag van ons volk nie eenderse bydraes tot die deurlopende vryheidstryd kan lewer nie. En die rede is eenvoudig omdat die stryd op verskillende tye verskillende vorms aanneem, verskillende eise stel en verskillende opofferings verg. Daar was 'n tyd toe die Afrikaanse vryheidstryder hoofsaaklik die Mauser moes hanteer en daar was 'n ander tyd toe hy hoofsaaklik die Afrikaanse taal moes handhaaf.

**So moderniseer die vryheidstryd homself altyddeur. Dit is die taak van die aangewese leiers — trouens dit is hulle plig teenoor die volk — om van tyd tot tyd en van geslag tot geslag die vryheidstryd te interpreteer. Slegs op hierdie wyse kan die kontinuïteit van die stryd gehandhaaf word deur die wisselinge heen van tyd en omstandighede.**

Jaarlikse Vryheidsdag-feesvierings voorsien die besondere geleentheid aan die leiers om die volk gereeld te onderrig oor die moderne vorm, eise en opofferings wat die vryheidstryd verg.

**Hierdie onderrig moet en sal op 27 Februarie 1952 weer gegee word.**

**Daarom moet die vryheidsfeeste gereël word en die vryheidsvure oral aangesteek word.**

# Onvanpas Vir „Volksleier" Om Britse Eer Te Verdien

**Die regeringskoerante berig dat 'n groot eer dr. D. F. Malan, Eerste Minister van Suid-Afrika, te beurt sal val indien sy parlementêre pligte hom toelaat om die eerskomende Empire-konferensie van eerste ministers van die Britse Statebond in Londen by te woon.**

**Indien dit gebeur — so het die Lord Mayor van Londen aangekondig — sal dr. Malan die vryheid van die stad Londen ontvang. Wyle genl. Smuts het in sy leeftyd ook die vryheid van Londen, sowel as van ander Britse stede, ontvang.**

Die regeringskoerante weet ongelukkig nog nie of dr. Malan self na Londen sal gaan nie. Verlede keer het hy 'n plaasvervanger gestuur.

### GROOT DIENSTE

**Die vryheid van die stad Londen word slegs toegeken aan diegene wat lojale onderdane van Sy Majesteit is en wat uitmuntende dienste aan die Britse Empire of aan die Britse Statebond gelewer het. Dr. Malan val blykbaar, net soos wyle genl. Smuts, ook nou in hierdie kategorie.**

### ONVANPAS

Aangesien Suid-Afrikaners, as gevolg van 'n wet wat wyle genl. Hertzog laat aanneem het, nie Britse titels of handvatsels mag aanvaar nie, is die enigste oorblywende manier waarop die Britte 'n Suid-Afrikaner kan vereer, wat uitstekende dienste aan hulle gelewer het, blykbaar om hom die vryheid van 'n Britse stad aan te bied. **Maar dit beteken dat as dit nie verbied was nie, sou die Britte ongetwyfeld aangebied het om dr. Malan 'n titel te gee. In daardie geval kan hulle maklik die paslike nuwe naam van Lord Danie Malan van Allesverloren (sy geboorteplaas) aan hom gegee het.**

**Die blote gedagte aan so 'n stuitige handvatsel is gelukkig genoeg om elkeen te oortuig dat dit nie die taak van 'n leier van die Afrikanervolk is om die vryheid van 'n Britse stad te verdien nie.**

§ „DIE O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: Voorslag (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein. Kaapstad.

## Kommunis Oor Kapitalisme

**„Indien die Amerikaanse kapitaliste nog 'n wêreldoorlog ontketen mag die einde van daardie oorlog ook die einde van die kapitalisme wees," het Pospelov, hoof van die Marx-Engels-Lenin Instituut verklaar toe hy 'n toespraak gelewer het in Moskou by geleentheid van die jaarlikse herdenkingsplegtigheid aan Lenin.**

Hoogwaardigheidsbekleders van die Sowjet, waaronder Stalin, het na hom geluister. Pospelov is 'n voormalige redakteur van Provda.

Die afgelope twee wêreldoorloë was oorwinnings vir die sosialisme (lees kommunisme), het Pospelov gesê. Voortgaande het hy verklaar dat die kapitalisme in Amerika vandag geheel en al baseer is op 'n oorlogsekonomie. Sonder die bewapeningswedloop sal die hele kapitalistiese stelsel in Amerika in duie stort, het hy gesê.

# BILJOENE DOLLARS VIR BEWAPENING

**President Harry Truman het verlede week die presidensiële begrotingsrede voor die Amerikaanse Kongres gelewer. Die begroting maak voorsiening vir 'n rekord-vredestydse uitgawe van 85,400,000,000 dollars (sowat £28,500,000,000).**

Dit is 14,500,000,000 dollars meer as die uitgawe in die huidige boekjaar.

Uitgawe vir militêre, ekonomiese en tegniese hulp vir die boekjaar 1953 word op 10,500,000,000 dollars geraam in vergelyking met die 6,900,000,000 dollars in die huidige boekjaar. Dit sal hoofsaaklik vir die bou van verdedigingstellings aangewend word.

### ATOOMNYWERHEID

Uit Washington word berig dat die Verenigde state voornemens is om die atoomnywerheid ontsaglik uit te brei. Die vervaardiging van atoombomme en selfs waterstofbomme gaan op so 'n reuseskaal aangepak word dat geen ander land — insluitende Rusland — naasteby die Amerikaanse produksie sal kan ewenaar nie.

Nuwe uranium-bronne is in Noord-Amerika ontdek en hierdie bronne, tesame met die Kanadese bronne, maak die geweldige uitbreiding van die atoomnywerheid moontlik.

Die Amerikaanse atoomkragkommissie is besig om die grootste Amerikaanse nywerheid te word. En die nywerheid is in die loop van 'n paar kort jare opgebou. Vandag reeds is die Kommissie, met 'n kapitaalbelegging van 2,174,000,000 dollars 'n groter nywerheid as General Motors Korporasie en na die uitbreiding wat beoog word waarby 'n addisionele beleggingskapitaal van minstens ses biljoen dollars betrokke sal wees, sal die Kommissie die grootste nywerheid in die Verenigde State kontroleer, selfs groter as die huidige baasreus, nl. die Bell Telephone System.

### DUISTERE GEHEIM

Die eienaardigste van die hele affêre is dat hierdie reus onder die nywerhede heeltemal in die geheim opereer — en dit in die land van verblindende publisiteit. Geen Amerikaner weet of die astronomiese getalle dollars wat sy land aan die nywerheid bestee ekonomies uitgegee word en of dit dalk vermors word nie. Die manne van die atoomkragkommissie is in der waarheid die magtigste mensewesens wat nog ooit geleef het want hulle hou die gevaarlikste pistool, wat die wetenskaplike vernuf kon bedink, teen die hoof van die hele mensdom.

En hul doen en late is 'n duistere geheim — moet dit wees — omdat die „vyand" dit nie mag agterkom nie.

### GEWAPENDE MAGTE

In sy begrotingsrede het President Truman beloof dat die voorsiening van krygtuig aan die Verenigde State se geallieerdes bespoedig sal word. Hy het gesê dat Wes-Europa binne twaalf maande oor 'n kompakte verdedigingsmag sal beskik wat teen enige aanval sterk weerstand sal kan bied.

In die begroting word voorsiening gemaak vir groter verdedigingsmagte as wat 'n jaar gelede beplan is. Dit omvat 'n lugmag van 143 groepe, 'n leër van 21 divisies, 'n vloot met 408 groot slagskepe en sestien vliegtuigdraer-groepe, 'n kusmag van drie divisies en ondersteunende eenhede vir hierdie dienste.

## Ander se Menings

(Vervolg van bladsy 4, kol. 5)

### BRILJANTE BREINS

Ek veronderstel daar is baie mense soos adv. Pirow in Suid-Afrika. Indien u blad daarin kan slaag om hierdie soort mense nader aan mekaar te bring, dan sal u die Suid-Afrikaanse samelewing 'n diens bewys.

Die partypolitiek het al glad te veel briljante Afrikaanse breins na die woestyn verdoem. Indien u hierdie mense kan terugbring in volksdiens sal die nageslag u dankbaar wees.

Indien u wil help om doelbewuste hervorming aan te pak, indien u wil help om die ware hervormers bymekaar te bring, indien u die Afrikaanse breins wat vandag sluimerend en nutteloos lê, wil help om Suid-Afrika te dien, dan het u elke weldenkende se seën.

# NOG NIE KNIE GEBUIG

**Dit blyk dat al die parlementslede van die Nasionale Party darem nog nie die knie voor die vreemde Baäl gebuig het nie. So vertel die politieke kolomskrywer van Die Burger dat „nie alle nasionale volksraadslede met die opening van die Parlement in die Senaatsaal was nie."**

Daar is glo twee van hulle, wat lankal parlementslid is, wat nog nooit die opening bygewoon het nie. Een het verklaar dat hy die opening sal bywoon wanneer „ons eendag 'n republiek het."

Volgens die rubriekskrywer was en is daar verskeie nasionale volksraadslede wat om verskillende redes van die opening weggebly het en nog wegbly. Onder hulle was genl. Jan Kemp en dr. A. J. Stals.

Blykbaar is daar dus darem nasionale volksraadslede wat ook vies is vir die uitheemse Britse praal waarmee Suid-Afrika se parlement geopen word. Hulle behoort die Ossewabrandwag te help om die partystelsel tot niet te maak en daarmee die hele parlementêre gedoente met sy uitheemse praal en inheemse koukusgeknoei te omskep tot 'n ware Raad van die Volk.